higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 D
1.3 C
1.4 B
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Waar
2.7 Onwaar
2.8 Onwaar
2.9 Onwaar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 G
3.3 H
3.4 A
3.5 D

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 56 to 69
4.2 Luitenant
4.3 55 of minder
4.4 Adjudant-offisier
4.5 70 en meer

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Die impak van die probleem op die gemeenskap, wat die polisieinsluit, en die omvang en koste daarvan.
- Die teenwoordigheid van enige lewensbedreigende toestande.
- Gemeenskapsbelangstelling en die mate van steun vir die aanbeveling.
- Die mate waartoe die probleem verhoudings tussen die polisie en die gemeenskap negatief beïnvloed.
- Die belange van gewone oortreders by die probleem en die mate van ondersteuning om dit te hanteer.
- Of die probleem 'n werklike bedreiging is of vae klagtes behels.

(Enige 5 × 1) (5)

5.2
- Stap 1: Identifiseer die gemeenskap se probleem.✓ Bepaal inlingtings-bronne, versamel en ontleed die inligting, omskryf die gemeen-skap, wie betrokke is en bepaal die omvang van die impak van die probleem.✓
- Stap 2: Bepaal watter probleme die belangrikste✓ is. Gebruik die data voor hande en besluit watter probleem hanteer moet word. Lys die probleme en stel priotiteite vir misdaadvoorkoming op.✓
- Stap 3: Ontleed die teikenprobleme en die gemeenskapskonteks✓ daarvan. Doen 'n gedetailleerde misdaadontleding oor die prioriteits-probleme en die gemeenskap, wat fisiese en maatskaplike eienskappe insluit.✓ (Enige 3 × 2) (6)

5.3
- Optrede om misdaad en geweld te voorkom en om die publiek se vrees vir misdaad te verminder.
- 'n Instrument wat gebruik word om rolspelers in misdaadvoorkoming byeen te bring.
- 'n Manier of plaaslike vennootskappe in misdaadvoorkoming te ontwikkel.
- 'n Metode om koördinering en bestuur van misdaadvoorkomings-inisiatiewe te verseker.
- 'n Manier om prioriteitsareas en -take te identifiseer. (Enige 5 × 1) (5)

5.4
- Beter aanwending van hulpbronne
- Verbeterde verbintenis
- Plaaslike oplossings vir plaaslike probleme
- Verhoogde gemeenskapsverbintenis (Enige 4 × 1) (4)

5.5
- Laat dit gebeur
- Bestuur vergaderings goed
- Ontwikkel vaardighede en kennis
- Versprei die woord
- Moniteer en evalueer vordering (Enige 5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 6

6.1

- Die misdaadtoneel is nie beveilig nie en die toneel is dus nie bewaar, sodat bewyse so min as moontlik gekontamineer, en fisiese bewysstukke so min as moontlik versteur is nie.
- Die aanvanklike reaksie op die insident was nie vinnig, versigtig en metodies nie.
- Die beamptes het nie enige persone, voertuie, gebeure, moontlike getuies en omgewingstoestande waargeneem nie.
- Geen aantekeninge of 'n log van die verkreë inligting is gemaak nie (bv. adres, tyd, datum, tipe en partye betrokke).
- Hulle was nie bewus van enige persone of voertuie wat die misdaadtoneel verlaat het nie.
- Hulle het die toneel nie versigtig benader, die hele gebied deeglik bekyk om die toneel te assesseer en moontlike sekondêre misdaadtonele te bepaal nie.
- Hulle was onbewus van enige persone of voertuie in die omgewing wat met die misdaad verband mag hou.
- Hulle het nie 'n aanvanklike observasie (kyk, luister en ruik) gedoen om die toneel te assesseer en te verseker dat die beamptes veilig is voordat hulle die toneel binnegegaan het nie.
- Hulle was nie wakker en oplettend nie (in geval die misdaad steeds aan die gang was).
- Hulle het die ligging nie as misdaadtoneel beskou totdat dit ondersoek is en die teendeel bewys is nie.

Veiligheidsprosedures

- Hulle het nie gevaarlike situasies of persone geïdentifiseer en beheer nie. Die veiligheid en fisiese welstand van beamptes en ander individue bly die responderende beampte(s) se eerste prioriteit.
- Hulle het die toneel nie op 'n manier benader wat daarop gerig is om risiko te verminder nie.
- Hulle het nie die toneel vir gevaarlike persone nagegaan nie, en hulle het nie die toneel beheer nie.
- Hulle het nie by aankoms ondersteuning ontbied nie.

Noodbehandeling

- Hulle het die slagoffer nie vir enige tekens van lewe ondersoek nie, en hulle het ook geen mediese bystand gelewer nie.
- Hulle het nie mediese personeel ontbied nie.

Beveiliging en beheer van persone op die toneel

- Hulle het nie al die individue op die terrein beheer nie.
- Hulle het nie al die individue op die toneel geïdentifiseer, beveilig en indien nodig, geskei nie.
- Hulle het nie ongemagtige persone toegang tot die toneel geweier nie.

Grense: Identifiseer, bevestig, beskerm en beveilig

- Hulle het nie die grense van die toneel gevestig nie.
- Hulle het nie fisiese versperrings opgerig nie.
- Hulle het nie beweging van alle persone gedokumenteer nie.
- Hulle het nie maatreëls ingestel om bewyse wat verlore kan raak of gekompromitteer kan word te bewaar/beskerm nie.
- Hulle het nie die oorspronklike posisie van die slagoffer of die voorwerpe wat hulle verwyder het, gedokumenteer nie.
- Hulle het nie soek-en-belsagleggingskwessie oorweeg nie.

Kopiereg voorbehou

Oorhandiging van beheer van die toneel en inligting aan die ondersoek-beampte

- Hulle het nie die ondersoekbeampte(s) wat die toneel oorgeneem het, ingelig nie.
- Hulle het nie gehelp om die toneel te beheer nie.
- Hulle het nie op die toneel gebly totdat hulle van hul pligte onthef is nie.

Dokumentering van optrede en waarnemings

- Nie alle optrede en waarnemings is gedokumenteer nie.

(5 × 1) (5)

6.2
- Vroulike afgestorwene met verskeie steekwonde: Kan gebruik word om die slagoffer te identifiseer en die oorsaak van die dood te bepaal.
- Leë glasbierbottel: Kan die verdagte se vingerarfdrukke of DNS daarop kry wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Bed: Hare of ander DNS van die verdagte wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Gebruikte kondoom: Kan die verdagte se DNS verkry wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Omgevalle stoel: Kan die verdagte se DNS verkry wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Tafel: Kan die verdagte se vingerafdrukke of DNS verkry wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Klerekas: Kan die verdagte se vingerafdrukke of DNS verkry wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Sigaretstompie: Kan die verdagte se DNS verkry wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Bebloede mes: Kan die verdagte se vingerafdrukke of DNS verkry wat gebruik kan word om hom/haar te identifiseer.
- Bebloede voetspoor: Kan gebruik word om die verdagte met die toneel te verbind. (Enige 5 × 1) (5)

6.3
- Praat met die eerste respondeerder(s) op die toneel oor waarnemings/-aktiwiteite.
- Evalueer die veiligheidskwessies wat personeel mag beïnvloed.
- Evalkueer soek-en-beslagleggingskwessie om te verseker dat regmatige deursoekings gedoen is.
- Evalueer en bepaal 'n toegangsroete tot die toneel wat deur gemagtigde personeel gebruik moet word.
- Evalueer interne grense op die toneel.
- Bepaal die aantal/grootte van die toneel/(ele) en prioritiseer.
- Vestig 'n beveiligde gebied vir konsultasiedoeleindes.
- Indien veelvuldige tonele bestaan, vestig en handhaaf kommunikasie.
- Vestig 'n beveiligde gebied as tydelike berging vir bewyse ooreenkomstig die bewysreëls en bewaringsketting.
- Bepaal en versoek bykomende ondersoekhulpbronne, indien nodig.
- Versker deurlopende integriteit van die toneel.
- Versker dat getuies van die insident geïdentifiseer en geskei word.
- Verseker dat die omliggende gebied gefynkam word en dat die resultate gedokumenteer word.
- Verseker voorlopige dokumentasie en fotografie van die toneel en die oorledene. (Enige 5 × 1) (5)

6.4
- Daktiloskopie of die ondersoek van vingerafdrukke: Elke persoon het sy/haar eie unieke vingerafdrukke. Vingerafdrukke kan 'n persoon op 'n misdaadtoneel plaas en dit word in 'n hof aanvaar.
- Ondersoek van hare: Indien die oortreder se hare op die toneel gevind word, kan dit op grond van morfologiese eienskappe geïdentifiseer word.
- Spore, indrukke en instrumentmerke: Afdrukidentifikasie. Enige voorwerp laat 'n merk wanneer dit met 'n ander voorwerp in kontak kom. Die studie van afdrukke kan bepaal wat gebruik is en hoe dit gebruik is.
- Kliniese ondersoek: Die slagoffer se liggaam kan ondersoek word om byvoorbeeld verkragting te bepaal en dit word deur die reg vereis.
- Die identifisering van liggame: Onbekende – selfs erg verminkte liggame – kan geïdentifiseer word. Verskillende metodes kan gebruik word om 'n liggaam te identifiseer.
- Ondersoek van liggame of lyke: Liggame kan ondersoek word om die oorsaak van dood te bepaal. Die reg vereis dit.
- Forensiese entomologie: Bestudeer die liggaam om die tyd van dood te bepaal.
- Serologiese ondersoeke: Studie van serums; nie net bloed nie, maar ook semen, speeksel en urine. (Enige 5 × 1) (5)

6.5
- Praktiese dossier
- Misdaadtoneelbestuur
- Naspoortegnieke
- Verklarings
- Strafprosesreg
- Bewysreg
- Ondersoekende onderhoudvoering
- Vingerafdrukke
- Ondersoekwenke
- Straatoorlewing (Enige 5 × 1) (5)

6.6
- Verbeter kennis en insig
- Verbreed gemeenskapskontakte
- Spaar die SAPD geld en tyd
- Dra verantwoordelikheid aan inwoners oor
- Ontwikkel vertroue in die polisie
- Brei responsopsies uit
- Ontwikkel ondersteuning vir polisieresponse
- Genereer fondse en voorrade (Enige 5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

Fase 1: Voltooi 'n gemeenskapsveiligheidsoudit.

- Identifiseer misdaadprobleme deur inligting in te samel, bv. by die SAPD.
- Identifiseer wie reeds by misdaadvoorkomingsaktiwiteite in die gemeenskap betrokke is.
- Ontleed die sosiale en fisies eienskappe van jou gebiede.
- Besluit watter probleme die belangrikste is.
- Ontleed hierdie probleme in jou gemeenskap.

Fase 2: Ontwikkel 'n strategie.

- Kies en groepeer die prioriteitsprobleme in fokusareas.
- Identifiseer en nader moontlike vennote in jou area.
- Identifiseer moontlike oplossings.
- Kies die mees geskikte projekte en verfyn dit.
- Verkry steun vir die projekte wat gekies is.

Fase 3: Bestuur en implementeer jou strategie.

- Ontwikkel 'n plan met doelwitte, 'n tydskedule en 'n begroting.
- Verseker dat jy oor hulpbronne vir projekbestuur beskik.

Fase 4: Moniteer en evalueer.

- Verseker dat daar vir monitering en evaluering beplan en begroot word.
- Stel goed omskrewe projekdoelwitte.
- Identifiseer maniere waarop die projek se prestasie gemeet kan word.
- Bevestig 'n evaluaringsraamwerk en voer dit uit.

(Enige 20 × 1) **[20]**

VRAAG 8

Stadium 1: Open 'n dossier✓

- Die speurder (polisie) moet 'n saakdossier open en byhou.✓
- Elke dossier word in drie afdelings verdeel: A, B en C om maklike toegang tot inligting vir die aanklaer of speurbevelvoerder te bied.✓
- Dokumente wat onder 'A' geliasseer word is bewysmateriaal wat op die saak van toepassing is. Verklarings deur klaer en getuies, arrestasie- en deursoekings-bevele, uitkenningsparadevorm, borgtoginligting, verslae deur bewysontleders, ondersoeke deur 'n distriksgeneesheer, foto's en vingerafdruk-vorms.✓
- Korrespondensie en adminsitratiewe dokumente word onder 'B' geliasseer. Dit sluit inligting in oor gesteelde eiendom, gesoekte persone, antwoorde van ander poilsiestasies en mediaknipsels wat met die saak✓ verband hou. Detail uit die ondersoekdagboek kom onder 'C'. Dit sluit in verslae deur die eerste respondeerders, detail van die misdaadtoneel, modus operandi, leidrade wat met die saak verband hou, deursoeking van die perseel, detail van die slagoffer en verdagte, en of die slagoffer beseer is.✓

Stadium 2: Registrasie van die dossier✓

- Die saakdossier word deur die beampte aan diens by die gemeenskapsdiens-sentrum (GDS) in die misdaadregister of op die misdaadadministrasiestelsel by die GDS geregistreer.✓
- In sommige gevalle word 'n saak deur die speurder wat die misdaadtoneel of 'n klagte ondersoek het in sy kantoor geregistreer.✓

Stadium 3: Oordrag van die dossier✓

- Die saakdossier moet onmiddellik deur die beampte wat by GDS aan diens is of die speurder wat die dossier geregistreer het, na die misdaadkantoor of die speureenheid gestuur word.✓

Stadium 4: Eerste inspeksie van inligting✓

- Die misdaadkantoor- of speurbevelvoerder moet ontvangs van die dossier erken deur daarvoor te teken. Hy/sy moet dan die eerste inspeksie van misdaadinligting uitvoer.✓

Stadium 5: Toekenning van die saak aan 'n speuder✓

- Op grond van verskeie faktore soos die speurder se ervaring of die aantal sake wat die speurder ondersoek, ken die misdaadkantoor- of speurbevelvoerder die dossier aan 'n speurder toe; die speurder wat die misdaadtoneel ondersoek en die dossier geregistreer het, of 'n ander speurder.✓
- 'n Dossier kan hertoegewys word indien 'n speurder verlof neem of wanneer sy/haar posisie verander.✓

Kopiereg voorbehou

Stadium 6: Ondersoek begin✓

- Die speurder aan wie die saak toegeken is lei en bestuur die ondersoek en gebruik die inligting wat in die betrokke saak versamel is, soos die verdagte se rekord en vorige skuldigbevindings, wat van die kriminelerekordsentrum verkry word.✓
- Algemene praktyk in die SAPS is om een speurder per saak aan te wys. Vir ingewikkelde sake, soos dié waarby kriminele sindikate betrokke is, mag 'n span speurders aangewys word.✓

Stadium 7: 24-uur-dossierinspeksie✓

- Nadat die speurder met die ondersoek begin het, word 'n 24-uur-dossierinspeksie gedoen. Met verloop van die ondersoek mag verdere dossierinspeksies uitgevoer word (maandeliks of sesmaandeliks).✓

Stadium 8: Dossier word na die hof gestuur✓

- Die dossier word na die senior staatsaanklaer gestuur om te besluit of vervolging in die saak gaan plaasvind of nie. Daar is geen tydsbeperkings op die voorlopige ondersoek totdat die aanklaer die dossier ontvang nie.✓ Die duur word bepaal deur die meriete van elke saak, soos of die speurder al die getuies se verklarings ontvang het, die speurder se saaklas, en✓
- Die prioriteit van 'n bepaalde saak wat deur die speurder ondersoek word. Die dossier word dan op die hofrol geplaas en die hofsaak volg.✓

Stadium 9: Verdere ondersoek en terugvoering✓

- Tydens die ondersoekproses moet die speurder wat die saak ondersoek die klaer oor vordering in die saak inlig. Soos hier bo genoem, is die algemene praktyk in die SAPD dat een speurder per saak aangewys word.✓

(20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou